

26 November

Skrifgedeelte: Josua 22:1-8 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 22:3, 4

Beloftes voor die HERE maak, word getrou onderhou

Nog voordat die Israeliete die Jordaanrivier deurgetrek het, het die Gadiete die Rubeniete, asook die halwe stam van Manasse, die land ten ooste van die Jordaan deurgekyk en Moses gevra dat dié gebied hulle erfdeel moet wees. Moses was aanvanklik skepties oor die versoek, maar toe hulle plegtig voor die HERE belowe (Num 32:31, 32) dat hulle eers die ander stamme sal help om die land Kanaän te verower, het Moses ingestem (Num 32:33).

Ons Skrifgedeelte handel hierdie geskiedenis af. Na verloop van geruime tyd is Kanaän behoorlik verower deur baie veldslae (Jos 12). Elke stam het sy erfdeel ontvang en die HERE het rus gegee. Deur dit alles het die Gadiete, die Rubeniete en die Manassiete getrou gebly aan hulle belofte. Die manskappe kan nou met 'n ryk buit terugkeer na hulle huise oorkant die Jordaan. Josua neem van hulle afskeid met 'n seëngroet, asook 'n vermaning om steeds in die weë van die HERE te wandel. Hulle God het sy belofte van lank gelede aan Abraham nagekom (Gen 15:13-16).

Hierdie geskiedenis leer ons dat beloftes wat jy voor die HERE maak, getrou uitgevoer moet word, want jou belofte staan altyd onder die teken van sy beloftes aan jou.

Jy het in die huidige koninkryktyd 'n hele paar “staande beloftes” voor die HERE: dat jy die bediening van Woord en sakramente ywerig sal soek; dat jy en jou vrou getrou aan mekaar sal wees; dat julle jul kinders sal onderrig in die vrees van die HERE; dat jy jou goddelike opdrag as ouderling, diaken en predikant getrou sal uitvoer. Al hierdie beloftes van jou staan in die teken van God se beloftes van sondevergifenis en die ewige lewe aan jou deur Jesus Christus. Kom jy jou beloftes getrou na? Bid jy om die leiding van die Heilige Gees daarin?

Sing: Psalm 119:12, 13

Ds. RL Vorster (Emeritus)